SAKE 24 (Beeld)
Tuesday, 8 June 2010, p. 4

MiX-toekoms lyk goed al pla rand

Cecile Nel, Johannesburg

Die sterk rand het die vlootbestuur- en voertuigopsporingsgroep MiX Telematics in sy afgelope boekjaar gelooi.

Volgens mnr. Stefan (Joss) Joselowitz, uitvoerende hoof, is MiX Telematics 'n randverskanser. 'n Sterk rand is nie goed vir die groep nie.

MiX Telematics het gister sy finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart uitgereik.

Die groep het sewe internasionale kantore, waaronder in die VSA, Brittanje en Australië, en het sowat 700 werknemers. Dit is juis as gevolg van sy internasionale voetspoor dat die randwaarde hom só beïnvloed.

Die impak van die sterk rand op die groep se omset word geraam op sowat R63 miljoen.

Ook taai handelsomstandighede het sy resultate beïnvloed.

■ MIX TELEMATICS

Kernsyfers

- Omset: R840 miljoen (-12,3%)
- Wins voor belasting: R92,9 miljoen (-14,1%)
- Wesensverdienste per aandeel (basiese): 10,1c (-17,9%)
- Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite: R123 miljoen (-11,5%)
- Dividend verklaar: 5c per aandeel (+25%)

Volgens Joselowits was die handelsomstandighede veral ongenaakbaar in die eerste helfte van die boekjaar, maar was daar darem tekens van verligting soos wat die jaar gevorder het.

In Suid-Afrika skat die groep hy het sowat 12% van die mark vir die opsporing van gesteelde voertuie. Sy markaandeel is sowat 30% vir vlootbestuur.

Kleinhandelverkope van voertuie was onder druk in Suid-Afrika en toegang tot batefinansiering beperk.

Volgens Joselowits is annuïteitsinkomste egter die hoeksteen van die onderneming.

Dié deel van sy inkomste het met 14% tot R447 miljoen gegroei.

Hy sê die groep se verkopevooruitsigte lyk baie goed.

"Ons kan ongelukkig nie veel doen aan die rand nie."

Die groep het 'n dividend van 5c per aandeel verklaar danksy sy stewige kontantgenerering. Dié 25%-groei teenoor die vorige dividend van 4c per aandeel is in die pas met die direksie se doel om aandeelhouers te beloon met 'n uitkering wat hoër is as inflasie.

MiX Telematics se aandeelprys het gister 0,96% hoër op R1,05 gesluit.